LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief



GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 22/2026

## Mnr Gawie sê sy sê...Christelike Beginsels

'n Onlangse verslag van Solidariteit dui aan dat 59% van ouers voel hulle is nie toegerus om hul kiniders emosioneel en akademies te ondersteun nie. Hierdie is eintlik 'n skokkende verslag, meer as die helfde van die ouers vertrou nie hul eie vermoë nie. Is die volgende dan waar? In die land van die blindes is die een oog koning. Indien hierdie in ons gemeenskap ook waar is, hoe gaan ons volgende geslag lyk wat die werksplek moet betree, wanneer die huidige geslag deur blindes gelei word. Volgens tegnologiereuse soos IBM lei die "Internet van Dinge" (IoT) en gevorderde rekenaarstelsels daartoe dat wêreldwye kennis nou feitlik elke 12 tot 24 uur verdubbel. Indien kennis dan op 'n daaglikse basis verdubbel hoe kan dit dan moontlik wees dat soveel mense twyfel? Is dit nie juis die probleem nie? Kennis verdubbel, maar wysheid en insig nie. Ons lees in Spreuke 9:10 - Wysheid begin met die dien van die Here", ons lees ook in Spreuke 1:7 tot 9 " - Kennis begin met die dien van die Here; dit is net dwase wat wysheid en opvoeding gering ag. My seun, jy moet luister na die onderrig wat jou vader jou gee; moenie wat jou moeder jou leer, verontagsaam nie: dit sal jou lewe versier soos 'n krans jou kop en 'n kettinkie jou hals." Is die probleem nie juis te veel kennis en inligtig nie? Ons lees so baie en kry inligting van verskeie sogenaamde kenners. Al hierdie inligting maak ons deurmekaar en later begin ons twyfel oor ons eie vermoë en dit wat ons geleer is. Wanneer hierdie gebeur, kom beweeg terug na die oorspronklike bron van kennis en wysheid, die Bybel. Die Bybel maak dit baie duidelik, streng ouers, wat by die Woord van God hou is suksesvolle ouers. Dit is goed om bronne te lees wat op Bybelse beginsel gebaseer is, maar te veel veroorsaak net 'n lawaai. Hierdie lawaai bring twyfel. Dink aan wat jy geleer is van jongs af, indien jou ouerhuis op Christelike beginsels gegrond was, doen wat jy geleer is met selfvertroue en laat die res aan God oor, Hy sal voorsien.

## Goegieland

**KONSERT 2026:** Baie dankie aan elke ouer, ouma, oupa, familielid en natuurlik ons ongelooflike Goegies vir julle deelname aan ons "Wilde Weste, Goegieland Beste!"-konsert. Wat 'n voorreg was dit om soveel talent, entoesiasme en glimlagte op een verhoog te sien. Ons is ongelooflik trots op elke kleuter wat met soveel selfvertroue opgetree het. Vir diegene wat graag die herinneringe wil bewaar, sal daar 'n USB van die konsert te koop wees. Hou asseblief die Karri-toep dop vir verdere besonderhede.

**INDIVIDUELE FOTO'S:** Die foto's is reeds uitgestuur. Indien daar enige navrae rakende foto's of bestellings is, kontak asseblief die fotograaf direk.

**RAPPORTE, KUNSWERKE EN SPOGBOEKE:** Rapporte, kunswerke en spogboeke sal op Vrydag, 26 Junie 2026 aan die maats uitgedeel word.

**SKOOL SLUIT VIR VAKANSIE:** Die skool sluit op Vrydag, 26 Junie 2026 om 11:00 vir die skoolvakansie. Hou asseblief die klasgroepe dop vir die spesifieke uitkomtye en verkeersreëlings.

Baie dankie vir julle ondersteuning gedurende hierdie besige kwartaal. Ons waardeer elkeen se betrokkenheid en samewerking.

Groete uit Goegieland

## Week se Program

### 24 & 25 Junie 2026

- **Drama Artistatue Kunstefees**

### 26 tot 30 Junie 2026

- **Landsdiens Provinsiaal**

### 27 Junie 2026

- **Landloop te LS Secunda**

### 30 Junie tot 3 Julie 2026

- **Kriekettoer o/12 te Witrivier**

### 3 tot 5 Julie 2026

- **Landlooptoer**

### 6 tot 9 Julie 2026

- **Kriekettoer o/9 te Witrivier**

### 9 tot 12 Julie 2026

- **Hokkietoer o/12 S & D, o/13 D**

### 13 tot 15 Julie 2026

- **Krieket Super 12 o/11**

### 15 tot 18 Julie 2026

- **Krieket Super 12 o/13**

### 18 Julie 2026

- **Landloop te LS Goedehoop**

**Vanaf 22 Junie 2026 keer ons terug na normale skooltye vir Gr. 1 tot 7. Ons herinner dat die skool Vrydag, 26 Junie 2026 om 11:00 sluit vir die skoolvakansie.**



## Netbal MP-uitspele




Met trots vier ons die prestasies van ons o/12A- en o/13A-netbalspanne wat op 15 en 16 Junie 2026 aan die Mpumalanga Uitspele in Middelburg deelgeneem het. Na twee dae van intense, kompeterende wedstryde het ons meisies deursettingsvermoë, spanwerk en ware sportmanskap getoon. Ons eindig as volg:

o/13A - 9de plek in Mpumalanga
o/12A - 2de plek in Mpumalanga

'n Besonderse gelukwensing aan ons o/12A-span wat gekwalifiseer het om Mpumalanga by die SA Kampioenskappe 2026 te verteenwoordig vanaf 23 tot 25 Julie 2026! Ons is ongelooflik trots op elke speler, afrigter en ondersteuner wat deel was van hierdie prestasie. Julle harde werk, toewyding en passie vir die spel dra nou vrugte. Baie geluk, meisies! Julle laat ons skool se naam hoog vlieg. Ons staan trots agter julle op pad na die SA-Kampioenskappe!

## Rugby

Ons 2026-seisoen het tot 'n einde gekom en ons is baie trots op ons seuns en afrigters vir die prestasies en vordering wat hul getoon het deur die seisoen. Dit was 'n lang en harde seisoen, maar so word karakter en deursettingsvermoë by ons seuns gekweek. Baie dankie aan ons ouers se getroue ondersteuning deur die seisoen, sonder julle sou dit nie so vlot verloop het nie. Dankie ook aan ons borge wat getrou agter ons gestaan het. Julle het geleenthede vir ons seuns geskep wat nie andersins sou kon gebeur nie. Ons dankbaarheid is groot.

Ons spog dan ook met die volgende prestasies:

o/11-rugbyspan - Gert Sibande Naaswenners
1ste Span - Super 12-Wenners
- Gert Sibande-Wenners
- Mpumalanga-Wenners van 2026.

9 van ons seuns is opgeneem in die onderskeie provinsiale spanne, waarvan 6 Cravenweek spelers is. Ons is besonders dankbaar vir die gawes en talente van ons seuns, en weet waar ons Krag vandaan kom.




LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**




| 22 Jun | 23Jun | 24 Jun | 25 Jun | 26 Jun | 27 Jun | 28 Jun |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Melienke Jacobs | Juandré Vorster<br>Alexander Schnuir | Mieke Bam | Kenzie Gouws<br>Wian Potgieter<br>Lumari Stander<br>Christiaan Fourie | Aiden vd Mescht<br>Juan-Carl Botha<br>Wian le Roux | Xavier Wolmarans | Lara-Emelia Gersbach |



# Baie dankie

## AAN ONS WONDERLIKE OUERS!

### *Jul harte maak 'n verskil!*

By Laerskool Goedehoop glo ons dat klein dade van liefde 'n groot verskil kan maak.  Daarom is ons besonder dankbaar vir die ouers wat hul tyd, omgee en hulp aanbied om ons broodjieprojek moontlik te maak.

Deur julle betrokkenheid ontvang behoeftige leerders daagliks nie net 'n broodjie nie, maar ook die boodskap dat iemand omgee.

Julle vriendelikheid en bereidwilligheid om te help, bring hoop en ondersteuning aan leerders wat dit die nodigste het.




**TYD EN MOEITE**

**BESTANDDELE EN SKENKINGS**

**TYD AFSTAAN**

**OMGEE EN BETROKKENHEID**

Baie dankie aan elke ouer wat broodjies smeer, bestanddele skenk, tyd afstaan of op enige ander manier bydra tot hierdie projek.

- Julle maak 'n tasbare verskil in ons kinders se lewens en help om 'n omgewing van liefde, respek en omgee te skep.
- Die glimlagte op die gesigte van die leerders wat deur hierdie projek ondersteun word, is 'n bewys van die impak wat julle maak.
- Julle gee nie net kos nie – julle gee ook waardigheid, bemoediging en hoop.
- Dankie dat julle die waardes van ons skool op so 'n besondere manier uitleef. Ons waardeer elke bydrae, groot of klein.



**Saam maak ons 'n verskil.**

*Dankie vir julle harte van goud!*

